

“En hy is Willem en ek is Dot”

Serfontein, Dot. 2009

Vrypas

Pretoria: Protea Boekhuis

Prys: R180

351 bladsye

ISBN: 978-1-86919-297-6.

In die nota voorin *Vrypas*, Dot Serfontein (1925-) se onlangs-verskene memoires, staan onder meer die volgende: “*Vrypas* is nie ’n herskrywing van die land se geskiedenis of politiek nie, maar my weergawe van die konteks waarbinne dit drie geslagte lank die lewe van my plattelandse boeregesin beïnvloed het”. Die groot waarde van hierdie boek lê myns insiens in die perspektief wat dit bied op ’n essensiële stuk familie- en landsgeskiedenis soos eerstehands beleef deur ’n generasie waarvan daar betreklik min verteenwoordigers oor is. Grootliks chronologies, in 66 netjies afgewerkte onderafdelings wat elkeen ook alleen sou kon staan, vertel die joernalis, streeks- en vervolgerverhaalskrywer Dot Serfontein haar lewensverhaal waarvan sy die oorspronge gaan soek by haar voorgeslagte en natrek met verwysing na sleutelmomente nie net in haar familie se plaasbestaan nie, maar ook in die geskiedenis van Suid-Afrika vanaf die vroeë twintigste eeu tot vandag. Ons leer Serfontein ken as klein plaaskind, skooldogter, student, onderwyseres, joernalis, (Kroonstadse) skrywer, eggenote, boervrou, moeder, ook dan spesifiek “ma van ons-weet-almal-wie” (p. 275). Met belangstelling lees mens wat Serfontein oor kwessies, verskynsels, gebeure, eras dink. Daar is ook plaatjies met heelwat (familie-)foto’s ingesluit, sodat die leser gesigte kan koppel aan meeste van die name in die boek.

In hierdie tyd met sy internasionale gees en gerigtheid, wat ook in die Afrikaanse literatuur sterk aanwesig is, is die Suid-Afrikaanse fokus van *Vrypas* opvallend en selfs verfrissend. Meer spesifiek selfs staan die Vrystaat hier in die kollig. Serfontein behoort tot ’n generasie wat hul lewens byna eksklusief in Suid-Afrika deurgebring het en hul byna uitsluitlik met Suid-Afrikaanse sake bemoei het. En dis juis dié bemoeienis, dié betrokkenheid, van Serfontein en haar mense wat spreek uit die bladsye van hierdie boek. Wat die leser bybly, is die bevestigende manier waarop daar geantwoord is op die uitdagings van die dag, al is foute in die proses gemaak. Hierdie oorgawe en intensiteit is voelbaar in die feit dat die vertelde verlede op elke bladsy kragtig teenwoordig gestel word, omskep word in relevante teenswoordigheid. Die herhalings wat algaande intree, mag aanvanklik deur die leser toegeskryf word aan onnoukeurige redigering, en die leser kan dalk ook voel dat die boek te langdradig raak. Maar T.S. Eliot skryf in “The Dry Salvages”: “It seems, as one becomes older,/ That the past has another pattern, and ceases to be a mere sequence -/ Or even development”.

’n Wesenstrek van die lewensverhaal is trouens volgens Charlotte Linde (in haar 1993-boek *Life Stories: Creation of Coherence*) dat dit selde in een sitting volledig vertel (kan) word. Daarvoor is dit gans te lank en ingewikkeld. Linde (1993) toon aan dat die ontstaan en groei van verhoudings en vriendskappe juis saamgaan met die vertel van (grepe uit) die betrokkenes se lewensverhale: die vertellings word telkens hervat, herskik, want: lewensverhale is die resultaat van sosiale interaksie en “onderhandeling”. Die vertel van lewensverhale dra nie net by tot die individu se psigologiese koherensiesin (“sense of coherence”) nie, maar is ook onderhewig aan sosiale kritiek en korreksie op grond van die koherensiesisteme van dié wat dit aanhoor. Dit is inderdaad so dat sommige van Serfontein se vertellings, veral haar vertolking van bepaalde politieke gebeure in

die land se geskiedenis, die leser tot 'n mindere of meerdere mate ongemaklik mag stem. Maar hierdie gedeeltes, óók die enkele uitgesponne stukke geskiednavorsing, is na my mening minder belangrik vir die boek as 'n geheel, want wat die leser aantrek is eerder Serfontein se persoonlike en familiegeskiedenis, en bowenal: die liefdesverhaal van haar en die mooie, stoere Willem.

Aan die begin van hulle verhouding, nadat hulle eenkeer 'n onderonsie oor kaartjies vir 'n krieketwedstryd gehad het, bars hulle “albei uit van die lag: ons eerste grap saam. En hy is Willem en ek is Dot” (p. 186). Hierdie laaste woorde, “En hy is Willem en ek is Dot”, som hulle verhouding, soos Serfontein dit in hierdie boek skilder, besonder raak op. Op heelwat plekke kom myns insiens in die beskrywing van hulle verhouding en huwelik en dié van Serfontein se ouers (vgl. pp. 133, 328-329, 331-332) iets na vore van wat Rainer Rilke in die sewende brief van sy *Letters to a Young Poet* oor liefdesverhoudings sê: Te dikwels gebeur dit volgens hom dat die een persoon totaal oplos in die ander, sodat geen ruimte vir alleenheid oorbly nie. Die ideale liefdesverhouding, daarteenoor, is “comprised of two lonelinesses protecting one another, setting limits, and acknowledging one another”. Serfontein verwoord dit treffend met verwysing na Langenhoven se twee reuse Brolloks en Bittergal wat jare lank baklei het tot hulle “eindelik agtergekom het die een is net so sterk soos die ander een, en toe bly hulle rustig voort, elkeen op sy eie rots, ewe bang vir mekaar”, en in die volgende paragraaf vervolg sy: “Iets van hierdie soort respek, glo ek, is die eintlike, onvervangbare kunsmis vir huweliksgeluk” (p. 332). Hierin veral lê uiteindelik die wysheid van *Vrypas*, en onder die grootste genietinge van die boek tel ook Serfontein se vertelvermoë en keurige styl. Ek noem maar een voorbeeld: sy vertel hoe haar broer Danie op tien jaar reeds Oupa se groot sedan moes “dryf” omdat die Halfjavaanse regterhand van Oupa, ou eenoog-Jankoes, nie mag bestuur het nie: “Dus het Danie regop al hangend bo-oor die stuurwiel bestuur, terwyl Jankoes langs hom sit om die ‘gheers’ te ‘tjyns’ en my oupa in afsonderlike glorie agter in die sedan op 'n gansveerkussing sy pyp sit en rook het” (p. 24). Stilistiese lomphede is daar egter ongelukkig ook, byvoorbeeld op bladsy 277 en 278 waar die woord “volledig(e)” op onnadenkende wyse meermale herhaal word (“van kleiduifskiet tot volledige resiesjaery”; “volledige konsertprogramme”; “die handel is volledig op alle gebiede deur die plaaslike handelslui self bedryf”, “volledige navorsing”).

Vrypas is 'n lang en vol boek oor 'n lang en vol lewe. In hierdie tyd van kortstondige veelheid is die versamel- en bewaringsdrang wat uit hierdie werk spreek iets om oor dankbaar te wees. Mens stem saam met Serfontein as sy sê: “En ek het getrou gebly aan alles wat eintlik vir my die dierbaarste was wat ek self byeen geworstel het” (p. 347).

Phil van Schalkwyk

Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus